Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Besigheidstrategie en Belanghebbendebestuur

Verwysing: 20201123-9745
Lêerno.: 3/3/3/1/3
Navrae: W Conrad

Besigheidstrategie en Belanghebbendebestuurminuut: 0001/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Prinsipale van gewone openbare skole en spesiale skole en lede van beheerliggame

Onderwerp: 2020 se Toekennings vir Uitnemende Diens: Oproep om inskrywings

1. Die Toekennings vir Uitnemende Diens is 'n jaarlikse instelling van die Wes-Kaap Regering (WKR) wat 'n inwonergesentreerde kultuur bevorder, professionalisme vestig asook uitnemendheid erken en beloon.

2. Die geskiedenis gee te kenne dat, alhoewel die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) die grootste departement binne die WKR is, dit van die kleinste getal inskrywings indien. Ons moet dit verander deur verdienstelike persone en spanne te nomineer om om erkenning mee te ding. Alle opvoeders, inrigtings- en kantoorgebaseerd binne die WKOD, is WKR-werknemers.

3. Die Covid-19-pandemie en verwante risikostrategieë waaraan voldoen moet word, d.w.s. sosiale afstandshandhawing, beperking op groepsbyeenkomste, gesigmaskers en verwante beroepsgesondheids- en veiligheidsprotokolle, veroorsaak dat dit baie moeilik is om die ingestelde Toekennings vir Uitnemende Diens volgens die goedgekeurde raamwerk en binne die projek se tydsraamwerk uit te voer. 'n Ander benadering is gedurende 2020 nodig om die behoefte aan erkenning van individuele werknemers se pogings of binne 'n spanverband aan te spreek, soveel te meer in hierdie tyd waar waardering daarvoor motivering en inspirasie aan ons WKR-werknemers sal gee.

4. 'n Plaasvervangende raamwerk vir Toekennings vir Uitnemende Diens is vir 2020 in die lewe geroep om die WKR se deerniswaarde te vestig deur werknemers wat 'n voorbeeld stel, te waardeer en erken. Dit is van besondere kernbelang gedurende hierdie tydperk om werknemers te help om 'n sekuriteitsgevoel oor hulle waarde aan die WKR op te bou, en vir verdere motivering om hulle goeie werk voort te sit.

5. Die Toekennings vir Uitnemende Diens vir 2020 is van toepassing op WKR-werknemers ter erkenning van werk/diens verrig gedurende die **tydperk 01 Oktober 2019 tot 30 September 2020**. Hierdie tydsraamwerk neem die nuwe normale werksomgewing, vlugheid en reaksie op Covid-19-uitdagings in ag, wat 'n afwyking is van die goedgekeurde erkenningstydperk van die raamwerk vir die Toekennings vir Uitnemende Diens, en wat gewoonlik op die vorige boekjaar fokus.

6. Daar kan ingeskryf word vir sewe kategorieë, wat bestaan uit vier kategorieë wat op individuele werknemers van toepassing is, en drie kategorieë wat op spanne van toepassing is. Voorgeskrewe inskrywingsvorms word aangeheg.

Individuele kategorieë:

Uitnemende Leier: Leiers wat duidelike sterk leierskap, sterk bestuursvaardighede en toewyding aan voortgesette ontwikkeling toon;

Moedige Toonaangewende Werknemer: Toonaangewende werknemer wat duidelike toewyding aan inwonergesentreerdheid toon;

Inspirerende Ondersteuningswerknemer: Ondersteunende/Bedryfswerknemer (kantoorgebonde) wat duidelike toewyding aan goeie beheer en administrasie toon; en

Inspirerende Vernuwer: 'n Werknemer wat duidelike doeltreffende vernuwings en oplossings toon, bv. verbeterde prosesse (beter maniere om werk te verrig, vermindering van tyd wat geneem word [vermindering van tyd wat gebruik word om werk te lewer], outomatiese oplossings), verbeterde skakeling met kliënte (vernuwende maniere van raadpleging/inligtingverskaffing om met kliënte/belanghebbendes te skakel) en verbetering van metodes om koste te bespaar.

Spankategorieë:

Grensafbrekers: Die span toon duidelike toewyding aan inwonergesentreerdheid en lewer uitnemende prestasie deur spanpogings oor verskillende gebiede/prosesse/departemente heen;

Leiers in Program of Projek: Program- of projekprestasie het 'n positiewe uitwerking op dienslewering, bespaar koste en verbeter inwoners se lewens; en

Baanbrekerspan/Vernuwing: Toon duidelike doeltreffende vernuwings en oplossings, bv. verbetering van prosesse (verbeterde metodes van werksverrigting, vermindering van tyd wat geneem word [vermindering van tyd wat geneem word om werk te lewer], outomatiese oplossings), verbeterde skakeling met kliënte (vernuwende maniere van raadpleging/inligtingverskaffing om met kliënte/belanghebbendes te skakel) en verbetering van metodes om koste te bespaar.

7. Slegs elektroniese inskrywings wat behoorlik onderteken is, sal oorweeg word. Die sluitingsdatum vir 2020 se inskrywings vir Toekennings vir Uitnemende Diens is **18 Desember 2020.** Rig asseblief navrae aan en dien alle elektroniese inskrywings in by die departementele koördineerder vir 2020 se inskrywings vir Toekennings vir Uitnemende Diens, Ebrahiem.gierdien@westerncape.gov.za.

8. Deel asseblief die inhoud van hierdie minuut met alle personeel.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2020-11-30